# DAPPER BORA

Hierdie boek behoort aan

______________________________



brave-bora_interior.indd 1 2021/12/12 14:48



brave-bora_interior.indd 2 2021/12/12 14:48



brave-bora_interior.indd 3 2021/12/12 14:48

*Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.*

*Dapper Bora*
*(Brave Bora)*
Illustrated by Ellen Heydenrych
Written by Edna Gicovi
Designed by Raeesah Vawda
Edited by David Mann
Translated by Anita van Zyl
with the help of the Book Dash participants in the Virtual Book Dash on 18 September 2021.

ISBN: 978-1-77632-426-2

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.
Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.
No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

# DAPPER BORA



Edna Gicovi
Ellen Heydenrych
Raeesah Vawda

brave-bora_interior.indd 5 2021/12/12 14:48

Bora wag saam met Pappa
by die kliniek.

Sy speelgoedapie, Jojo,
het ook saamgekom.

Jojo slaap in Bora se rugsak.



"Ek hou nie van naalde nie.
Dit maak 'n mens seer!" sê Bora.

brave-bora_interior.indd 8 2021/12/12 14:48



brave-bora_interior.indd 9 2021/12/12 14:48

"Inspuitings help om jou gesond te hou. 'n Mens mag maar bang wees, Bora. Pappa sal hier by jou bly. En Jojo ook."







"Bora Baraka!" roep 'n harde stem.

"Ons moet ingaan, Bora," sê Pappa.

"Dis jou beurt."



"Ek dink ons moet liewer môre terugkom, Pappa!" sê Bora.

brave-bora_interior.indd 13 2021/12/12 14:48

"Onthou jy wat Pappa gesê het jy gaan kry as jy dapper genoeg is om jou inspuiting te kry?" vra Pappa.

"'n Rooi suigstokkie! Goed, ek kom," sê Bora.



Die dokter glimlag vir Bora. “Is dit jou apie? Kan ons hom ook ondersoek?” vra sy.



brave-bora_interior.indd 16 2021/12/12 14:48



Bora kyk na Pappa,
dan na Jojo, en knik.

brave-bora_interior.indd 17 2021/12/12 14:48



"Nou's dit jou beurt," sê sy.

"Sal jy my help om vir jou apie 'n klein inspuiting te gee sodat hy beter kan voel?" vra die dokter.



brave-bora_interior.indd 20 2021/12/12 14:48

“TJOEP!” sê die dokter toe sy vir Jojo die apie ’n inspuiting gee.

brave-bora_interior.indd 21 2021/12/12 14:48



“Nou’s dit jou beurt. Is dit ’n superheld wat op jou T-hemp is?” vra sy.



“TJOEP!” sê sy toe sy vir Bora die inspuiting gee.

brave-bora_interior.indd 23 2021/12/12 14:48



“Eina!” roep Bora.

“Haai, dit was nie so erg nie!”



“Ek weet dit brand ’n bietjie, maar ons is klaar en jy was baie dapper!” sê die dokter.

“Een rooi suigstokkie vir ons dapper Bora!”





brave-bora_interior.indd 29 2021/12/12 14:48





brave-bora_interior.indd 31 2021/12/12 14:48



brave-bora_interior.indd 32 2021/12/12 14:48